# Hoe groei ons geestelik?

Ons groei as ons bereid is om objektiwiteit in Skrifuitleg te wil behou.

**Want.....**

Ons leef waarlik nie meer in die donker Middeleeue nie en toe almal geboelie was om by `n meerderheidstem te bly, dit is nou met betrekking tot ons hoofbelydenisse. En as ons Skrifgetrou bly, behoort ons wel die verskil raak te kan sien in byvoorbeeld die monargianisme - die "Eenheid" -belydenis wat in die algemeen aan Arius toegeskryf word, dit is opgeweeg teenoor sy teenpool, die Triniteitbelydenis. Athanasius was Arius se opponent op die Katolieke Raad van Nicaea (325) en toe Godheidperspektiewe onder voorsitterskap van Konstantyn die Grote gedebatteer was. Insig sal natuurlik altyd `n skeiding maak tussen paganistiese invloed en Skrifverantwoordbaarheid, filosofiese impak en apostoliese oorlewering, laasgenoemde wat veral op Joodse lees geskoei is. Feit is die apostels van Jesus was Joods in hulle denke terwyl die Essenisme op paganisties Joodse inslag roteer.

As ons dan enigsins volwasse in ons denke sou wees en gevolglik bereid is om nie op loop te gaan met vernoude, eensydige beoordeling van sake nie, behoort ons geensins by naïewe aanvaarding vas te hak nie, naamlik dat die belydenis wat deur hoofstroom kerkdom uitgedra word, dit is nou bedoelend die Triniteit, die "enigste onfeilbare" belydenis is wat net eenvoudig as superwaarheid gesluk moet word deur een en almal.

**Waarom......**

Omdat hierdie eeuelange vete net nooit sal verdwyn nie want pro-Ariane noem die Trinatariërs dwaalleraars terwyl `n geharde Trinitariër presies dieselfde doen met `n hardkoppige anti-Trinitariër. Praat van gesout? Albei kampe voel natuurlik onbuigsaam oortuig van hulle onderskeie standpunte en wie gaan nou vir wie ingee?

So, dis gevaarlik om sommer haatspraaketikette na willekeur uit te deel. Ekself verwerp, soos Arius, beslis die Triniteitbelydenis omrede dit nie vir my sinvol is nie maar ek is, dink ek, meer versigtig in my uitdeel van belydenisetikette. Ons behoort dan die geheelbeeld in gedagte te hou want Godheidperspektiewe was warm gedebateer en op die ou einde was `n belydenis as "waarheid" gedryf en definitief via marteling, `n belydenis wat baie duidelik nie sonder sy Grieks-filosofiese basis sou oorleef het nie. En

Shimon ben Yochai, wat juis die basis van die Triniteit saamvat in sy belydenis oor God se bestaan, was baie duidelik `n mistikus wat paganistiese invloed omhels het en om hierdie rede sou `n Ariaan byvoorbeeld `n vraagteken agter sy stellings geplaas het. Die apostel Paulus verwys dan nie verniet in sy briewe nie, na die "wonder van die leuen".

Maar belydenisse is nou eenmaal heilig vir mense, en ons kan dan wel daaroor redeneer, dit glo ek wel, maar ons behoort tog nie so op te tree asof elkeen wat nie die Godheid "soos ek wil bely nie" dan reguit hel toe gaan! Immers kom hierdie gedagte uit die pen van `n *Gnostiese* leraar – ouch! nog `n dwaalleraar wat, heel eienaardig, diegene wat die Triniteit verwerp sommer vroeg-vroeg al uitgelewer het aan die "ewige helse vuur"! En hy het dit so "gelowig" gedoen dat hierdie misplaaste etiket nogsteeds luidkeels uitgedeel word deur fanatiese vuurvreters en so asof dit `n ware Bybelse uitspraak is! Immers wys ek niemand wat volhardend in die Triniteit wil glo hierdie haatgedrewe lotsbestemming toe nie!

**Waarom nie?**

Omrede Godheidbelydenis relatief is. Dit is relatief tot iemand se verstaan van die Woord van God. En omdat daar so baie valse leraars in die verlede opgestaan het, behoort almal van ons versigtig te wees om nie dit wat aan ons opgedring was, summier Skrifwaarheid te wil maak nie! Daarom word daar tot vandag toe nogsteeds gedebateer oor God en Sy bestaan en omrede die dood in die pot ingewerk was, sal hierdie tipe besprekings altyd voortwoeker.

Feit is, ons kan nie mense in `n blik druk nie, dit is om die "heilige gereformeerde" belydenisse of die "suiwer Pentkostalistiese" sienswyses te aanvaar ten alle koste nie. Ja, wat ons wel kan doen, is om te bevraagteken en om dan daarna te strewe om dit wat God in Sy Woord aan ons verklaar in ere te hou *ten alle koste*. Dit is veral met betrekking tot Skrifwaarheid wat met ander woorde deur die mond van twee en drie getuies wel sal vasstaan (Mat. 18.16).

**Arius het geen geringe gevolg gehad nie!**

Om hierdie rede het Arius `n baie groot gevolg gehad en wie se gevolg natuurlik deur vervolging en marteling *tot die dood toe*, stilgemaak was, met die gevolg dat die Trinitariërs toe op hierdie laakbare wyse as oorwinnaars uit die stryd getree het! Dit sou op geen ander wyse hoegenaamd kon plaasvind nie want Arius het duidelik `n meer Skrifgetroue weergawe van God se bestaan gehad as sy opponent, Athanasius, `n geswore Katoliek wat baie duidelik in die Esseense tradisie gevolg het. Egipte was juis die bakermat van die afvallige Moederverering en dit was ook in Noord-Afrika waar die Triniteitbelydenis veral via die Latynse tradisie sy groot stukrag gekry het.

**Wees dan versigtig om gou `n dwaalleeretiket uit te deel!**

Ons behoort dan in hierdie welbelese, verligte millenium, nie oorhaastig te wees om onbesonne en selfvoldaan te wys op "dwaallering" en "dwaalleraars" nie, dit is nou met een en almal wat veral die Triniteitbelydenis verwerp, in gedagte. Veral in hierdie tyd waar ons mekaar se gelowe meer objektief, met ander woorde oopkop, sal moet benader, behoort ons dan seker ook `n bietjie meer diplomaties in ons uitsprake te wees, en te meer nog as ons van die openbare media gebruik sou maak. Dit is tog beter om mekaar te probeer vind via die Skrifte as om net voort te stu in `n geloofstradisie wat juis nie sonder groot vetestryd gesaai was nie!

**Feit is, die Triniteitbelydenis is nie die enigste belydenis wat deur ware gelowiges (!) gehandhaaf word nie.**

Daar is baie bloedgewaste kinders van God wat die Triniteitbelydenis verwerp en wat nie nodig het om hierdie "kultusaanbidderetiket" - dit wat die Trinitariërs so graag uitdeel, wil dra nie! Hulle sien hulleself OOK as ware volgelinge van Jesus en hulle wag OOK op die oordeel, net soos elke Trinitariër seker dan ook, dit is immers wanneer Jesus self die finale uitspraak sal lewer (Hand. 10). En ek is seker dat daar van alle soorte daar sal wees wat as oorwinnaars beskou sal word want daar is duidelik geen voorskrif in die Nuwe Testament dat ons Athanasius se leer MOET handhaaf nie! Ekself glo byvoorbeeld ook in Vader, Seun en Gees maar nie soos wat die Trinitariërs dit aan my voorhou nie! En hiermee sal duisende anti-Trinitariërs, sogenaamde "Arius nasate", met my saamstem.

Leer ons nie juis dat die "miswolk van onkunde" dan eers, by die verskyning van Jesus Christus, sal opklaar nie en veral gedagtig daaraan dat daar soveel debatvoering sedert die vroegste tye oor Godheidbelydenisse plaasgevind het nie? En asseblief weereens: Waar lees ons ooit in die Bybel dat die Triniteitbelydenis die "enigste" belydenis is wat ons almal net eenvoudig moet sluk? Neem tog kennis dat Arius ook in Vader, Seun en Gees geglo het (dit erkenning gegee het), maar sy verklaring was wat duisende betref, meer apostolies (Bybels) as die van Athanasius en sy Esseense vriend, die heilige Antonius, dit is as ons enigsins objektiwiteit wil behou.

So, kom ons bepaal ons liewer by waaragtige bekering, wedergeboorte, die noodsaaklike ontvangs van die Heilige Gees, respek vir dit wat God in Sy Woord ingeskryf het tot `n ewige getuienis vir elkeen wat wil glo, of andersins sal ons baie strepe deur ons Bybels moet trek net omrede ons ons eie interpretasies aan die Woord wil heg en net omdat ons nie wil toelaat dat God ons deur die Heilige Gees-gedrewe Skrifte kan en wil lei nie.

En dan net om die baie belangrike fundamentele belydenisse verder te voltooi, wat van die doop wat nogsteeds volgens paganistiese voorkeure gedryf word en veral deur diegene wat so vinnig by is om op "dwaalleraars" te wys?

Maar ons is waarlik nie meer in die Middeleeue nie, vriend!   Dank God ons het aanbeweeg!

Ester Blomerus
2016-03-27
www.housealtarnetwork.com